Entrepreneurshoekie:

Stuur gerus versoeke vir bekendstelling in na Colleen: admin@gksasolburg.co.za of na Omgeegroep: gksasolburg@mweb.co.za So dikwels as wat ons kan maak ons plek daarvoor. Die doel is ook dat ons mekaar beter kan leer ken.

Semone Pienaar - 084 6426597: For all your Annique Rooibos Products or to become a Consultant.
Riana Nel (063 731 9399/ 081 510 7938) doen naaldwerk bv. omsoom, ritssluiters en herstelwerk aan klere. Kontak haar gerus.
Aileen Gouws (082 333 1333) pas graag jou huis en diere teen vergoeding op as jy met vakansie of naweek weg is! Ook:
"Sien jy die volgende in jou kind?

- aandag word maklik afgelei/vergeetagtigheid
- sukkel om instruksies deur te voer/huiswerk klaar te kry
- vroetel/kan nie stilsit op een plek nie/onrustigheid
- uitskree van antwoorde voordat vrae klaar gevra is/onderbreek ander as hulle praat
- ongeduldigheid/humeuragtigheid

Kontak my om inligting te verkry oor Biolink Attention Training Aileen 0823331333"
Annetjie van der Westhuizen (0795435627) help met spyseniering, onthale.
Alet Koekemoer (0767338019) voorbereiding van maaltye en heerlike soppe vir die winter.
Debbie v Schalkwyk (0825987090) verkoop Sekelbos en kameeldoring braaihout . Daar is ook Charcoal, Brikette, vuuraanstekers en speserye. Koop ook gerus by haar skoonmaakprodukte soos skottlegoedseep, waspoeier en algemene skoonmaakmiddels. Debbie kyk ook teen vergoeding na vakansiegangers se huise/versorg diere/gooi plante nat
Werner Roos (0834466395) doen installasie van lugversorgers, dienste en herstelwerk.
Calvin Kotzé (0766037914) skilder baie goed. Hy maak 'n skildery wat by u kleurskema inpas. Kontak hom gerus.
Freda Redelinghuys (0826595523) maak spookasem vir enige geleentheid

(Indien u u naam wil verwyder/byvoeg, kontak gerus ook vir Colleen)

VERJAARSDAE

8 Sep. Janno Floor (Doop)	0169764027
8 Sep. Emsie Kriese (Belydend)	0824905431
9 Sep. Claudia Floor (Doop)	0169764027
11 Sep. Sam Bezuidenhout-Ferreira (Belydend)	0169732060
12 Sep. Tom Bezuidenhout (Belydend)	0169768708

Iets Nuu(†)s

Efesiërs 4:16
Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

8 September 2019

Inligting:

Gereformeerde Kerk Sasolburg. h/v Faickney en van Eckstraat
Leraar: Marcel Floor 0828285811
Admin: Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769: admin@gksasolburg.co.za
webwerf: www.gksasolburg.co.za ;
Webblad:www.gksasolburg.co.za
Barmhartigheid: Semone Pienaar 0846426597 epos semone1grobler@gmail.com
Geboue: PJ Gouws – 079 492 8404 **Koster**: Sandra vd Sandt 083 457 8904
Omgeekantoor: Ma-Vry 9:00-12:00 016 976 7785 epos: omgee@gksasolburg.co.za

DIENSBEURT: BLOK C

Kollekte ONDER DIENS: Barmhartigheid
Kollekte by DEURE: Teologiese Studentekas

MEELEWING

- Johan Hamman sukkel geweldig met "spookpyne" van die been wat afgesit is. Terselfdertyd is ons saam hulle bly dat hul agterkleinkind uit die broeikas is, en gesond by die huis is
- Ons vra steeds voorbidding vir die lede van die Vlamvatspan vir hulle verbintenis en werk hiermee.

WOORDBEDIENING

2 Kron. 7:12-16 & 2 Kor. 7:9-11
Fokus: HK Sondag 33 V&A 88-90

Tema: In ’n gesonde gemeente is daar voortdurende bekering in individue en in die leiers en in die gemeente se lewe.

- Die rede waarom daar voortdurende bekering by ons moet wees... ons is dankbaar oor God se genade en ons verlossing deur Jesus Christus.

- Ons moet verantwoording of eienaarskap neem van ons sondes (2 Kor. 7:11)

- In voortdurende bekering vra die Here van ons berou of hartseer oor ons sondes (2 Kron. 7:14, 2 Kor. 7:9-10).

- In voortdurende bekering vra die Here ook verontwaardiging oor ons sondes... selfs nog meer, dat ons ons sondes sal haat. (2 Kor. 7:11, Ps. 97:10, 101:3)

- In voortdurende bekering vra die Here wegdraai en wegvlug van ons sondes (2 Kron. 7:14).

- Maar bekering is nooit net weg van sonde nie... dit is ook altyd ná iets toe... na God toe!
    - En weer naby God is daar versekering van vergifnis van sondes en weer vreugde (2 Kron. 7:14, 2 Kor. 7:10)
    - God stort dikwels ook sy seën weer uit, as daar bekering is.

- En wanneer mense werklik besef hoe groot die Here se redding uit genade is deur Jesus se werk, en jou hart is so vol blydskap en dankbaarheid daaroor, dan steek dit ook ’n vuur en ’n ywer en ’n passie in jou hart aan die brand. (2 Kor. 7:11, HK V&A 90)

- In die Vlamvat proses gaan God ook van ons as gemeente bekering vra.
- Bekering begin by die leiers.

DIENSGROEPVERGADERINGS

9 Sept – Ouderlingvergadering

JONGMENSE!

Kan ALLE jongmense (18-40jr) vir Angie in die saal ontmoet na die diens. Daar wag vir julle ’n verrassing! Moet dit nie misloop nie!

AANDDIENS

Die Aanddiens sal vanaand om 18:00 'n gesamentlike Aanddiens wees by GK Trinitas. Adres: Piet Retief Blvd 42, Vanderbijlpark. Hoop om jul daar te sien!

NAGMAAL

Onthou volgende Sondag 15de vier ons nagmaal.

Welstandopname

Ook net ’n herinnering aan die persone wat sms’e ontvang het ten opsigte van die welstandopname wat na die nagmaaldiens in die saal moet bymekaarkom vir die opname. Indien julle nie dit kan bywoon nie, laat asseblief Colleen Koekemoer weet 0828554769 per whatsapp of per epos: admin@gksasolburg.co.za sodat ons seker is dat daar genoeg persone is. Baie dankie.

KATKISASIE

Die katkisasie sluit volgende Sondag 15 September af, en open weer die 6de Oktober 2019.
Ons bedank die kategete hartlik vir hulle onbaatsugtige werk hier, en ook al die katkisante wat so getrou kom bywoon het hierdie kwartaal.